
EK GLO


**Ons weet dat deur die lewe beleef ons ons geloof in Jesus maar soos 'n "rollercoaster", daar is hoogte punte, en dan kort daarna is daar weer laagte punte, dit gaan maar so op-en-af.**

**Ons is kort kort besig om te sondig, en dit is baie frustrerend, want ons probeer so hard om hierdie heiligmaking proses aan te jaag, of as ons een voet-fout maak dan val ons weer heelwat terug in ons ou maniere, dan is dit weer 'n gesukkel om te kom waar ons was.**

**Mense sê hierdie stelling te gereeld en te maklik, "Ek is nie waar ek met die Here moet/wil wees nie."**

**Ons GLO in Jesus! Maar wat nou?**

**Dit is basies die vraag wat Jakobus beantwoord in sy brief wat hy aan die kerk geskryf het.**


Jakobus

**Jakobus was Jesus se broer. En hy was die leier van die kerk in Israel waar die eerste Christenne ooit geleef en geleer het. Hy was vir 20 jaar lank hierdie eerste kerk se leier, en die Christenne daar was Joodse Christenne wat van die Joodse tradisies af kom. Die mense met wie Jakobus in hierdie brief praat het 'n baie goeie verstaan van die Ou Testament gehad.**

# Jakobus 2:14-26 1. (v14-17)

14Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar
sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? 15Sê nou
daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag
honger ly, 16en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit
met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,”
maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe
nie, wat help dit dan? 17So gaan dit ook met die geloof: as dit
nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.

**- Jakobus sê basies dat as ons glo maar ons geloof nie in dade oor gaan nie, dan is dit eintlik 'n dooie geloof. Ek sê ek glo, maar niemand kan dit in my lewe raak sien nie. Ek is op my eie missie en alles wat ek doen is vir my en my gesin. Ons het nooit tyd vir ander mense nie en ons bou hoë mure om ons harte om onsself te beskerm.**

Is ek en jy besig om ons geloof in Jesus uit te leef? Is ons besig om te doen wat Jesus van ons verwag?

Is ons besig om ons nastes lief te hê?

# 2. (v18-19)

**18Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die
ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof wat
sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade. 19Glo
jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit
ook – en hulle sidder van angs.**

**- Dit is baie maklik om te sê ek glo, maar is dit ware geloof as niemand dit kan raaksien nie? Sê ek dalk net ek glo want ek wil nie eendag op 'n plek sit waar Jesus nie is nie? Glo ek regtig dat Jesus my nooi na die Breilofsfees toe en dat ek deel het in Sy Koninkryk, die Hemel? Of sê ek maar net ek glo omdat ek bang is dit is waar, maar my lewe wys nie my geloof nie want ek wil die beste van altwee hê? Ek wil Hemel toe gaan, maar ek wil ook doen wat ek wil...**

**Dit is interessant dat Jakobus sê die bose geeste glo ook in God, want ons weet hulle gaan nie hemel toe nie...**

**Wat beteken dit vir die mense wat sê hulle glo in God maar hulle lewe soos die bose geeste wil hê hulle moet lewe?**

# 3. (v20-25)

**20Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is? 21Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie? 22Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaardgegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het. 23So is die Skrif vervul wat sê: "Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek," en hy is 'n vriend van God genoem. 24Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie. 25Is Ragab die prostituut nie ook vrygespreek op grond van wat sy gedoen het toe sy die verkenners weggesteek en hulle met 'n ander pad laat ontkom het nie? 26'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood.**

- Abraham se voorbeeld is baie mooi, want ons kan sien hoe sy geloof (die vertroue op God se belofdes) het 'n span met die dade (die sigbare bewys) gevorm. Deur Abraham se dade kan ons baie duidelik sien dat hy opreg geglo het in God.
- Ragab se storie is ook baie waardevol, want God het haar van 'n persoon wat sonde haar beroep gemaak het, gered en gereinig, omdat sy haar geloof in God met dade bewys het, al het dit potensieel beteken dat sy haar lewe mag verloor.

**Jakobus sê glad nie dat ons deur ons goeie dade gered word nie.**

**Wat hy wel sê is dat die geloof wat sonder dade is, dood is.**

# Johannes 3:16

**"16"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."**

**Great!! ONS GLO SO ONS IS GERED!!!!**

**~Dit is 100% waar, maar is dit ware geloof wat jy het? Geloof wat gehoorsaam is aan die wil van die Here?**

# MATTEUS 7:21-27

**21“Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die
koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil
doen van my Vader wat in die hemel is. 22Baie sal daardie
dag vir My sê: ‘Here, Here, het ons dan nie in u Naam
gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u
Naam baie wonders gedoen nie?’ 23Dan sal Ek openlik vir
hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af,
julle wat die wet van God oortree.”**

Die twee fondamente

**24“Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens**
**handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis**
**op rots gebou het. 25Die stortreën het geval, vloedwaters het**
**afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan**
**geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was**
**op rots. 26En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie**
**daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy**
**huis op sand gebou het. 27Die stortreën het geval, vloedwaters**
**het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan**
**geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes.”**

**Is Jesus die Fondament waarop jy bou?**

**Is jou geloof in Jesus so, dat wanneer daar 'n stortreën val, en wanneer die vloedwaters afkom, en wanneer die wind jou waai en druk, dat jy standvastig in Hom kan bly staan?**

# Jakobus 1:2-4

"2My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. 4En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."

**Wat is jou houding oor die beproewings in jou lewe?**

**Wat ons moet besef is dat ons nog al die pad beproewings gaan beleef. Ons is in 'n reinigings proses. En wanneer ons beprowings beleef, dan moet ons juis aan ons geloof in Jesus vashou sodat ons kan volhard in ons geloof.**

# Jakobus 1:22-27

22Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie,
anders bedrieg julle julleself. 23Iemand wat altyd net die woord
aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n
spieël kyk: 24hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet
dadelik hoe hy gelyk het. 25Maar iemand wat hom verdiep in die
volmaakte wet wat 'n mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie
vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat
hy doen. 26As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy
tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is
waardeloos. 27Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om
weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te
staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

**Daar is 2 tiepes geloof. Die geloof wat dood is, en die geloof wat lewend is.**

**Watter geloof het jy?**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS